



Hoërskool Warmbad

2025 / 2026

RESPEK INTEGRITEIT HARDWERKEND AANVAARDING
RESPECT INTEGRITY HARDWORKING ACCEPTANCE

Neem asseblief kennis dat enige/alle verandering vroeg in Januarie 2026 aan ouers gekommunikeer sal word.

Please note that any/all changes will be communicated to parents early in January 2026.

VISIE, MISSIESTELLING EN WAARDES

VISION, MISSION AND VALUES

1. VISIE

Vanaf die ontstaan van Hoërskool Warmbad was die strewe om die kulturele te bevorder; om elke kind te laat ontwikkel tot 'n gebalanseerde individu, en aan die einde van twaalf jaar skool, 'n toegeruste individu die wêreld in te stuur.

Hoofsaak, maar nie alles nie, is akademiese toerusting vir die toekoms. Slegs die beste is goed genoeg – van die kind se perspektief en van die onderwyser se perspektief.

Deur leerlinge aan soveel moontlik buitemuurse aktiwiteite te laat deelneem, wil Hoërskool Warmbad elke kind op 'n ontdekkingstog neem na die “eie ek”. Die kind se potensiaal en tekortkominge word op 'n vreugdevolle wyse ontdek en in die proses leer hy/sy samewerking, spanwerk en lojaliteit.

Om aan al ons leerders hoop te gee dat in sy/haar vorming 'n beter wêreld na skool op hul wag.

2. MISSIE

Hoërskool Warmbad stel hom ten doel om met leiding van ons bestuurspan ons onderwysers te bemagtig om aan al ons leerlinge kwaliteit onderrig te gee.

Ons doel is om terug te ploeg in die gemeenskap en om die gemeenskap as geheel by die skool betrokke te maak. Ons poog om die beginsels soos vanuit die grondwet van demokrasie, nie rassisme en vryheid van denke en keuse aan ons leerders oor te dra.

Ons poog verder om ons leerders absolute verantwoordelikheid, selfdissipline en dissipline te leer in 'n gelukkige omgewing waar verskillende kulture met mekaar in aanraking kom.

3. Leerders

By Hoërskool Warmbad is dit ons doel en strewe om leerders só op te voed en te onderrig, dat hulle eendag as volwaardige burgers hul plek in die samelewing sal volstaan, hetsy op Christelike, nasionale, kulturele, ekonomiese of sosiale gebied. Elke kind is vir ons belangrik, daarom poog ons om in elkeen se besondere behoeftes te voorsien.

4. WAARDES

4.1 Respek (Leef en laat leef)

4.2 Integriteit

4.3 Hardwerkend

4.4 Aanvaarding

5. Ouergemeenskap

Besondere waarde word geheg aan samewerking tussen die skool en ouergemeenskap. Ons vennootskap berus op gesamentlike trots van die skool se gebruike en tradisies, asook 'n verbintenis tot die instandhouding daarvan.

1. VISION

Since Hoërskool Warmbad was established, the aim was to encourage cultural development; to nurture each child into a balanced individual, and at the end of a twelve-year school career, send a well-equipped individual into the world.

The main aim, but not the only aim, is academic knowledge for the future. Only the best is good enough - from the child's perspective and from the teacher's perspective.

By encouraging pupils to participate in as many extracurricular activities as possible, Hoërskool Warmbad wants to accompany each child on a journey of discovery of the “own self”. Each child's potential and shortcomings are thus discovered in a joyful manner and in the process he/she learns co-operation, teamwork and loyalty. To give hope to all our learners that in his or her formation, a better world awaits them after school.

2. MISSION

Hoërskool Warmbad aims to empower our educators with assistance from our management team to provide quality education to all our learners.

Our goal is to give back to the community and to involve the community as a whole in the school.

We aim to convey the principles of democracy, not to tolerate racism and to encourage freedom of thought and choice to our learners.

We further aim to teach our learners absolute responsibility, self-discipline and discipline in a happy environment where different cultures come into contact with each other.

3. Learners

At Hoërskool Warmbad, it's our aim and mission to educate and teach learners in such a way that one day they will take their place in society as full-fledged citizens, whether in the Christian, national, cultural, economic or social sphere.

Every child is important to us, therefore we strive to fulfil everyone's unique needs.

4. VALUES

4.1 Respect (Live and let live)

4.2 Integrity

4.3 Hardworking

4.4 Acceptance

5. Parent community

Immense value is attached to co-operation of the school and our parent community. Our partnership is based on being mutually proud of the customs and traditions of the school, as well as a commitment to maintaining them.

6. Onderwysers

Onderwysers is verbind tot die uitleef van hul onderwysroeping met professionele integriteit. Onderwysers word aangemoedig om professioneel te groei en tot die volle verwesenliking van hul onderwyspotensiaal te ontwikkel.

7. Departement van Onderwys

Die skool streef daarna om deurgaans goeie betrekkinge met departementele amptenare te handhaaf.

Etiese kode

Hoërskool Warmbad verwag gedissiplineerde optrede van alle betrokkenes om 'n veilige en opvoedkundige omgewing vir beide leerders en onderwysers te verseker.

Gedissiplineerde gedrag word verwag en is die verantwoordelikheid van:

- die skoolhoof
- elke personeellid
- UK lede
- elke individuele leerder en
- die ouers.

Hoërskool Warmbad pas demokratiese en dinamiese onderwys toe wat enige vorm van rassisme of seksisme ten sterkste afkeur.

Die beheerliggaam en skoolbestuur oefen ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 hul regsplig uit om die regte van leerders, onderwysers en ouers te verseker, asook die verantwoordelikhede van elk uit te spel.

Onderwysers se verantwoordelikhede:

- Tree professioneel teenoor kollegas, leerders en ouers op.
- Respekteer leerders en tree in woede op nie.

Ouers se verantwoordelikhede:

- Aanvaar die skool se gedragskode.
- Ondersteun die skool en personeel in die opvoeding van hul kinders, met inbegrip van die toepassing van die gedragskode.
- Ondersteun die disiplinêre strukture en prosedures van die skool.
- Verseker dat leerders die skoolreëls en gedragskode verstaan en eerbiedig.
- Verseker dat leerders huiswerk en opdragte pligsgetrou voltooi.
- Beskerm die skool se naam en beeld te alle tye.

INLEIDING

Hierdie dokument is die gedragskode van Hoërskool Warmbad, soos die beheerliggaam dit op 4 November 2022 goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale

6. Educators

Teachers are committed to living out their teaching career with professional integrity. Educators are encouraged to grow professionally and to develop their teaching potential.

7. Department of Education

The school strives to maintain a good relationship with departmental officials.

Code of ethics

Hoërskool Warmbad expects disciplined behaviour from all those involved to ensure a safe and educational environment for both learners and teaching staff.

Disciplined behaviour is expected and is the responsibility of:

- The school principal
- each member of staff
- EC members
- each individual learner
- the parents

Hoërskool Warmbad applies democratic and dynamic education that strongly rejects any form of racism or sexism.

In terms of the South African Schools Act 84 of 1996, the governing body and school management exercise their legal duty to ensure the rights of learners, teachers and parents, as well as to set out the responsibilities of each.

Educators' responsibilities:

- Act professionally towards fellow educators, learners and parents;
- Respect learners and do not act moodily or to react in anger;

Parents' Responsibilities:

- Accept the school's code of conduct;
- Support the school and staff in the education of their children, including the application of the code of conduct;
- Support the disciplinary structure and procedures of the school;
- Ensure that learners understand and respect the school rules and code of conduct;
- Ensure that learners complete homework and assignments dutifully;
- Protect the good image and name of the school with the community and with learners.

INTRODUCTION

This document is the Code of Conduct of Hoërskool Warmbad, as approved by the governing body on 4 November 2022. The governing body has consulted the school's parents, learners and educators on the content of the Code of Conduct. The Code of Conduct has been drafted in accordance with the relevant provisions of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996; the South African Schools Act, Act 84 of 1996 ('SASA'); the National Education Policy Act, Act 27 of 1996;

Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelm toetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

Guidelines for a Code of Conduct for Learners (General Notice 776 in Government Gazette 18900 dated 15 May 1998); the Regulations on Devices to be used for Drug Testing and the Procedure to be followed (GN 1140 in Government Gazette 31417 dated 19 September 2008); Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 in Government Gazette dated October 2001, as amended) and relevant provincial legislation.

DOEL VAN GEDRAGSKODE

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik onderwysers, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder. Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

’n Verdere doel is om waardes by **Hoërskool Warmbad** te vestig sodat konstruktiewe leer kan plaasvind. Die doel is om positiewe dissipline, selfdissipline en voorbeeldige gedrag te bevorder.

OBJECTIVE OF CODE OF CONDUCT

Although the State is obligated to make education available and accessible, this must be enhanced by the dedication and commitment of responsible role players, namely educators, learners and parents. This Code of Conduct is intended to promote this dedication and commitment. The Code of Conduct endorses the school’s mission statement.

Learners and their parents/guardians are expected to acquaint themselves with the school’s Code of Conduct and its provisions. As soon as learners are enrolled at the school/hostel, they are subject to the Code of Conduct, and must strictly adhere to it. Should learners transgress or violate the Code of Conduct, they will be acted against in accordance with the disciplinary procedure for learners.

The aim of the Code of Conduct is to establish values at **Hoërskool Warmbad** to facilitate constructive learning.

The purpose is to promote positive discipline, self-discipline and exemplary conduct.

Voorwoord:

Volgens die SA Skolewet 84 van 1996 (p 95:3:6): “Geen leerder sal vrygestel word van die verpligting om die Gedragskode van die skool na te kom nie.” Waardes in plek - Alles in plek. Dit is die fondasie van gedrag en karakter. Ons verwoord ons waardes as **RIHA**.

Dit is ons strewende om elke letter uit te leef: **RIHA**:

- R - Respek
- I - Integriteit
- H - Hardwerkend
- A - Aanvaarding

Pre-amble:

According to the South African Schools Act 84 of 1996 (p. 95:3.6): “Nothing exempts a learner from complying with the Code of Conduct of the School.” Values in place - Everything in place. It is the foundation of behaviour and character. We express our values as **RIHA**.

We strive to live out every letter: **RIHA**:

- R - Respect
- I - Integrity
- H - Hard-working
- A - Acceptance

Respek – Integriteit – Hardwerkend – Aanvaarding **

Respect – Integrity - Hard-working – Acceptance

A	Omdat ons respek toon:	Because we show respect, we:
1.	Is ons selfgedisiplineerd	Are self-disciplined
2.	Ag ons ander hoër as onself	Value others higher than ourselves
3.	Pas ons die omgewing op en hou dit skoon	Look after our environment and keep it clean
4.	Doen ons geen skade aan ons skoolfasiliteite en/of bates nie	Cause no damage to our school facilities and/or assets
5.	Is ons trots om die regte skooluniform en sportdrag te dra, wat skoon en netjies is	Are proud to wear the correct school uniform and sportswear in a neat and tidy manner
6.	Is ons voorkoms skoon en netjies	Our appearance is clean and neat
7.	Verniel of beskadig ons nie dinge wat aan ander behoort nie	Do not vandalise possessions of others

	8.	Gebruik ons nie ons selfone tydens lesaanbiedings of bymekaarkom-geleenthede nie	Do not use our cell phones during lessons or any assembly occasion
B.		Omdat ons integriteit het:	Because we have integrity, we:
	1.	Gehoorzaam ons al ons skool se reëls en regulasies	Obey all our school's rules and regulations
	2.	Is ons elke dag stiptelik by die skool	Are punctual and at school everyday
	3.	Woon ons elke klas by	Attend every class
	4.	Is ons trots om Warriërs te wees	Are proud to be Warriërs
	5.	Neem of steel ons niks wat nie aan ons behoort nie	We do not take or steal anything that does not belong to us
	6.	Versorg ons, ons liggame en vergiftig ons dit nie met alkohol of enige vorm van dwelm, of sigarette nie	Take care of our bodies and do not poison it with alcohol or any form of drugs or cigarettes
	7.	Gebruik ons mooi en opbouende woorde	Speak kind and encouraging words
	8.	Is ons eerlik in alles	Are honest in everything
	9.	Beheer ons onself	Control ourselves
C.		Omdat ons hardwerkend is:	Because we are hard-working children, we:
	1.	Let ons op in die klas	Pay attention in class
	2.	Doen ons al ons huiswerk, aktiwiteite, projekte en take	Do all our homework, activities, projects and assignments
	3.	Leer ons hard vir toetse en eksamens	Study hard for tests and examinations
	4.	Is ons elke dag teenwoordig by die skool, sowel as in die klas	Are present at school daily and in every class
	5.	Neem ons deel aan en ondersteun sport-, kultuur- en pret aktiwiteite	Participate in and support sport, culture and fun recreational activities at school
	6.	Ondersteun ons fondsinsamelingsprojekte	Support fundraising projects
D.		Omdat ons aanvaarding uitleef:	Because we live up to acceptance, we
	1.	Knou ons nie ander af nie	Do not bully or hurt anyone
	2.	Baklei, vloek of laster ons nie	Do not fight, swear or slander
	3.	Besef ons dat kultuur, ras en taal verskil	Realise all culture, race and language differs

Gedragkode | Code of Conduct

Reëls en Regulasies word saamgestel om die algemene organisasie van die skool te reguleer, sowel as die verhouding tussen die hoof, opvoeders en leerders. Daar word van leerders verwag om die skoolreëls te ken en daarby te hou. Onkunde t.o.v. hierdie reëls is nie 'n aanvaarbare verskoning nie.

Rules and Regulations are designed to regulate the general organisation of the school, and relationship between the principal, educators and learners. Learners are expected to know and adhere to these rules and regulations. Ignorance with regards to these rules, is not an acceptable excuse.

1. Algemene Reëls

1.1 Leerders sal te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool optree en ooreenkomstig die etiek kode van die skool gedra, en daarom nie die skool se naam in onguns bring op die skool terrein, en/of geklee in skool uniform - insluitende sport uniform, en/of op enige ander terrein waar die leerder met die skool geassosieer kan word.

1. General Rules

1.1 Learners shall be good ambassadors of the school and shall conduct themselves in accordance with the school's code of ethics at all times. Therefore, learners will not bring the school's name into disfavour on the school grounds, and/or dressed in school uniform – including sports uniform, and/or on any other grounds where the learner can be associated with the school.

- 1.2 Die dra van 'n Hoërskool Warmbad leerder- identiteitskaart is verpligtend om toegang tot die skoolterrein te verkry. Die leerder daarsonder kan nie bewys dat hy 'n ingeskrewe leerder van Hoërskool Warmbad is nie. ID-kaarte moet te alle tye sigbaar op linker kraag gedra word. Die leerder sal R25-00 betaal in die geval van 'n verlore kaart. Gepaste demerites sal uitgereik word aan leerders wat nie hulle kaart dra nie. **GEEN KAART, GEEN TOEGANG, GEEN UITSONDERING**
- 1.2 Wearing the Hoërskool Warmbad learner identity card is mandatory to gain access to the school grounds. Without this, the learner cannot prove that he or she is an enrolled learner of Hoërskool Warmbad. ID cards must be worn visibly on the left collar at all times. Learner will pay R25-00 in the event of a lost card. Appropriate demerits will be issued to learners who do not wear their card. **NO CARD, NO ENTRY, NO EXCEPTION**
- 1.3 Terwyl leerders in die skool se drag/uniform of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede leerders in 'n slechte lig kan stel en sodoende die skool se naam in onguns bring.
- 1.3 While wearing the school uniform or any part thereof that is sufficient to establish a link with the school in the public eye, or while representing the school, either directly or indirectly, learners shall refrain from any conduct that could bring the school, staff or their fellow learners into disrepute.
- 1.4 Gedurende enige interaksie met die skoolhoof, adjunkhoof, onderwysers, ander skoolpersoneel, ouers, besoekers en/of mede leerders, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.
- 1.4 In their interaction with the principal, vice-principal, educators and other staff of the school, learners shall always be courteous and respectful and shall refrain from any action that constitutes disrespectfulness or rebelliousness.
- 1.5 Gedurende hulle interaksie met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. Leerders moet hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om fisiese, geestelike of morele welstand van enige ander leerder te skend. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode. Leerders mag gedurende skooltyd of gedurende die week op die skool - en koshuis terrein slegs besoek ontvang van hulle ouers en slegs nadat ouers by die navraekantoor aangemeld het. Geen besoeke van buitestaanders word toegelaat nie.
- 1.5 During any interaction with one another, learners shall practise self-restraint as far as possible, and shall display mutual respect and tolerance. Learners must refrain from any action aimed at harming, or that could possibly cause harm to, any other learner's physical, spiritual and moral well-being. Any sexual or improper physical contact between learners on school grounds, or in any other place where they could be identified as learners of the school, is strictly prohibited. Learners may only receive visits from parents on the school and hostel premises, and only after they have reported to the general office. No other visitors are allowed.
- 1.6 'n Onderwyser van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.
- 1.6 A teacher shall have the same rights as a parent with regard to controlling and disciplining the learner according to the Code of Conduct, both during such learner's school attendance as well as at any school related activity.
- 1.7 Selfoon gebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Geen selfoon mag tydens klastyd gebruik word nie – geen oproepe, geen speletjies speel, geen boodskappe stuur of ontvang. Hierdie reëls geld ook vir slim horlosies. Selfone moet afgeskakel en weggebêre wees. Dit mag nie op 'n tafel of op die leerder se skoot lê nie. Indien 'n leerder 'n selfoon, oorfoon, slim horlosie, of enige verbode elektroniese toestel in die klaskamer gebruik, sal die onderwyser dit afneem. Die selfoon sal in die kluis gebêre word vir TIEN skooldae, waarna die leerder dit teen R200.00 kan terugkoop, of na 'n maand gratis terugontvang. Geen oorfone word by die skool toegelaat nie. Selfone/Ipod's/tablette/skootrekenaars/slim-horlosies of enige ander elektroniese toerusting word op eie risiko skool toe gebring. Die skool neem sterk standpunt in teen onregmatige gebruik van tegnologie. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige toestel wat 'n leerder skool toe bring nie.
- 1.7 The use of cell-phones during school activities is strictly prohibited. No cell phone may be used during class time. This includes but is not limited to making or receiving a phone call, playing games, sending and/or receiving messages, including on your smartwatch. Cell- phones should be switched off and put away. It is not allowed on a learner's lap or on their desk. If a learner uses a cell-phone, earphone, smartwatch or any prohibit electronic device in the classroom, it will be confiscated. The cell-phone will be stored in the safe for TEN school days, after which the learner can buy the cell phone back for R200, or wait one month to receive it back at no cost. No earphones are allowed at school. Cell-phones/Ipod's, and/or Tablets, and/or Laptops and/or Smart phones and/or any other electronic devices can be brought to school at own risk. The school has a strong viewpoint in inappropriate use of technology and will thus under no circumstances accept any responsibility for any device that is brought to school by any learner.

- 1.8 Die rook, besit en/of gebruik van tabak-middels, nikotien bevattende middels, e-sigarette (vape), en/of Hubbly Bubbly, gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode. Die skoolgronde is 'n rookvrye terrein en daar sal streng teen rokers, verbruikers of handelaars van onwettige produkte opgetree word. Dit sluit ook alkohol en ander onwettige middels in.
- 1.9 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of gedelegeerde persoon die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit te deursoek vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word. Indien die leerder getoets word vir verbode middels en die uitslae is positief, sal die ouer verantwoordelik gehou word vir die onkoste van die toetsing.
- 1.10 Die besit, vertoon, verspreiding, skepping, vervaardiging of produksie van pornografiese materiaal in gedrukte, elektroniese of enige ander formaat, gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is en deur die publiek as leerders van die skool geïdentifiseer word, is verbode.
- 1.11 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 1.12 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike en/of kriminele oortreding (hetsy gemeenregtelik of statutêr, insluitend maar nie beperk tot seksuele teistering, in besit van alkohol, besit van dwelms, pornografie, onsedelike optrede, afpersing, aanranding met die doel om ernstig te beseer en/of diefstal) sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 1.13 Oortredings begaan gedurende enige skool-aktiwiteit insluitende, dié op skoolterrein of enige ander terrein waar die skool optree en/of deelneem, wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:
- 1.13.1 Optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend.
- 1.13.2 Die besit, dreigement en/of gebruik van gevaarlike wapens.
- 1.13.3 Die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelgende middels van enige aard.
- 1.13.4 Bakleiery, aanranding of mishandeling.
- 1.13.5 Onsedelike gedrag of 'n gevloek.
- 1.13.6 Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit.
- 1.13.7 Enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
- 1.13.8 Diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor en/of gedurende sodanige toets of eksamen insluit.
- 1.13.9 Onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool en/of ander eiendom wat die aanbring van graffiti insluit.
- 1.8 The smoking, possession and/or use of drugs, tobacco products, nicotine-containing products, e-cigarettes (vape), and/or Hubbly Bubbly during any school activity, or when learners are dressed in school uniform, is strictly prohibited. The school premises is a smoke free area and strict action will be taken against smokers and/or dealers of illegal substances. This includes alcohol and other illegal substances.
- 1.9 In case of a reasonable suspicion that learners have violated this Code of Conduct or the laws of the country, the school principal, or delegated person, is entitled to search such learners and/or the property in their possession for any dangerous weapons, guns, drugs or other harmful and dangerous substances, stolen goods or pornography. Throughout, learners' dignity will be respected, and therefore, the search will be conducted in private, by persons of the same sex, and in the presence of another person. The search process and outcome must be recorded. If the learner is tested for any substances and the results are positive, the parents will be responsible for all costs of the test/s.
- 1.10 The possession, display, distribution, creation, manufacture or production of pornographic material in printed, electronic or any other format, during any school activity or when learners are dressed in school uniform and identifiable as learners of the school by the public, is prohibited.
- 1.11 Any conduct that unfairly prejudices against the administration, discipline or efficiency of the school shall be regarded as a violation of this code of conduct.
- 1.12 A conviction of a criminal offence (and/or common or statutory including but not limited to sexual harassment, in possession of alcohol, in possession of drugs, pornography, indecent behaviour, extortion, assault with the intend of serious injury, and/or theft) in a court of law shall be regarded as a violation of this Code of Conduct.
- 1.13 Transgressions committed during any school activity, on school grounds or on any other grounds where learners performed and/or participated, that may lead to suspension and/or expulsion include but are not limited to:
- 1.13.1 Conduct that poses a threat to others' safety and infringes upon others' rights.
- 1.13.2 Possessing, threatening with or using dangerous weapons.
- 1.13.3 The possession, use, trading or any visible sign of narcotic or unauthorised drugs, alcohol and intoxicating substances of any nature.
- 1.13.4 Fighting, assault or abuse.
- 1.13.5 Indecent behaviour or swearing.
- 1.13.6 Adopting or assuming a false identity.
- 1.13.7 Any form of hate speech, harmful graffiti, sexism or racism.
- 1.13.8 Theft, or the possession of stolen goods, including the theft or possession of test or examination papers before such test or examination has been conducted.
- 1.13.9 Unlawful conduct towards and/or vandalising, destroying or damaging school property and/or other property, graffiti included.

- 1.13.10 Oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen onderwysers of ander skoolpersoneel of -leerders.
- 1.13.11 Herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode.
- 1.13.12 Strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde- teistering.
- 1.13.13 Viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders.
- 1.13.14 Die oortreding van eksamenreëls ten opsigte van oneerlikheid.
- 1.13.15 Opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.
- 1.14 Koshuisleerders mag nie na die koshuis gaan gedurende skooltyd sonder 'n toestemmingsbrief van die huisvader/huismoeder nie. Geen ander leerders word in die koshuis toegelaat nie.
- 1.15 Administratiewe blok**
- Leerders mag onder geen omstandighede vrylik na die personeelkamer, afrokkamer en/of algemene kantoor gaan nie.
 - Om fotostate te maak moet by die Adjunkhoof navraag gedoen word - R1 per kopie vir privaat werk.
 - Leerders mag slegs gedurende klastyd na die adminblok beweeg indien die personeelid toestemming verleen het deur in die leerder se eie dagboek te teken.
- 1.16 Kennisgewingbord**
- Leerders mag nie kennisgewings of ander stukke op die kennisgewingbord of elders aanbring of verwyder, sonder die hoof/adjunkhoof se toestemming nie.
 - Alle kennisgewings moet die handtekening van die hoof/adjunkhoof/afgevaardigde bevat.
 - Slegs UK - lede mag, met die nodige toestemming, enige kennisgewings verwyder.
- 1.17 Kleedkamers**
- Dit is die vertoonvenster van ons skool en mag net gebruik word vir die doel waarvoor dit daar is. Leerders mag nie in die kleedkamers rondstaan, gesels of speel nie.
 - Leerders moet 'n passie vir netjiese kleedkamers ontwikkel, -dit toon nie net selfrespek nie, maar ook respek teenoor mede leerders.
 - Daar mag onder geen omstandighede gerook, gevape, alkohol of dwelms gebruik word, of seksuele wangedrag plaasvind in die kleedkamers nie.
- 1.18 Geen vorm van dobbelary word op die skoolterrein en/of in skool uniform en/of tydens enige skoolaktiwiteit toegelaat nie.
- 1.19 Geen leerder mag op die terrein handeldryf of goedere verkoop nie.
- 1.20 Tasse**
- Skooltasse en/of rugsakke moet tussenskotte hê om boeke te beskerm.
 - Leertasse word wel toegelaat.
- 1.21 Privaat Eiendom**
- Leerders mag hulle nie bemoei met privaat- en openbare eiendom soos motorvoertuie, gransnyers, ens. op die skoolterrein, of die privaat eiendom van enige personeelid of leerder nie.
- 1.13.10 Disrespectfulness, offensive behaviour and verbal abuse aimed at educators or other school staff or learners.
- 1.13.11 Repeated violations of school rules or this code of conduct.
- 1.13.12 Criminal and oppressive behaviour, such as rape and gender-based harassment.
- 1.13.13 Victimisation, bullying and intimidation of other learners.
- 1.13.14 The transgression of examination rules in respect of dishonesty.
- 1.13.15 Intentionally and knowingly providing false information, or forging documents, in order to obtain an unfair advantage.
- 1.14 Hostel learners may not go to the hostel during school hours, without a permission letter from the house father/mother. No other learners are allowed in the hostel.
- 1.15 Administrative block**
- Learners may under no circumstances move freely to the staffroom, photocopy room and/or the general office.
 - For photocopies, enquiries should be made at the deputy principal - R 1 per copy for private work.
 - Learners are only allowed to visit the admin block during class time if they are in the possession of their own diary and permission granted by way of an educator's signature.
- 1.16 Notice Board**
- Learners are not allowed to put notices or other material on a notice board or elsewhere, or remove any notices from the notice board without the permission of the principal and/or deputy principal.
 - All notices must be signed by the principal, the deputy principal or delegate.
 - Only authorised EC members may remove notices from the notice board.
- 1.17 Bathrooms**
- These can be seen as the showcase of our school, and should therefore only be used for the purpose it is intended for. It is not a place to socialize or play.
 - Learners should develop a sense of pride for neat bathrooms, it does not only show self-respect, but also respect towards fellow learners.
 - Under no circumstances may there be anyone smoking, vaping or using alcohol or drugs or perform any sexual misconduct in the bathrooms.
- 1.18 No form of gambling is allowed on the school premises and/or whilst dressed in school uniform and/or during a school activity.
- 1.19 No learner is allowed to sell anything on the school premises.
- 1.20 School bags**
- Book cases and/or backpacks should have partitions to protect books.
 - Leather book cases are allowed.
- 1.21 Private Property**
- Learners may not tamper with any private property such as vehicles, lawnmowers etc. on the school

- Leerders word aangeraai om privaat eiendom liefes tuis te laat aangesien die skool geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

1.22 Matriekvoorregte

Dit sluit in maar is nie beperk tot matriekafskeid; (Blyers en Glyers) ens.

- Hierdie is 'n voorreg en nie 'n reg nie.
- 'n Leerder kan na afloop van 'n Dissiplinêre verhoor van die matriekvoorregte ontnem word.

1.23 Oriëntering

- Gr 8-leerders word slegs deur die Uitvoerende Komitee deur die skool geneem en na die saal vergesel om die reëls en uitleg van geboue te leer ken.
- Die UK sal ook verantwoordelik wees vir die organisasie en afrigting van die Groentjekonsert.
- Geen ontgroeningspraktyke mag plaasvind nie, maar wel oriëntering om die inskakeling by die skool en die skool se tradisies te bevorder.

1.24 Media

- Media sluit in, maar is nie beperk tot Facebook, Twitter, WhatsApp, koerante, TV, Instagram en/of enige ander sosiale media platform nie.
- Enige leerder, personeellid, ouer, UK-lid of VLR wat negatiewe uitlatings maak, afbrekende gedrag openbaar teenoor die skool, personeel, beheerliggaam, leerders, enige iemand wat met Hoërskool Warmbad geassosieer kan word, en ook op enige van die genoemde media sal voor die dissiplinêre komitee gedaag word en word beskou as 'n baie ernstige saak.
- Geen plasings sonder toestemming van die skoolhoof of 'n gedelegeerde nie.

1.25 Eet/drink/kougom

- Leerders mag nie in die klaskamer, saal of biblioteek eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

2 Klasreëls

- 2.1 Die onderwyser moet, in oorleg met die leerders, klasreëls opstel aan die begin van elke skooljaar. Die reëls moet in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word.
- 2.2 Leerders moet die klasreëls stiptelik nakom sowel as enige mondelinge opdragte wat die onderwyser of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.
- 2.3 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

3. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag

3.1 Voorkoms

3.1.1 Algemeen

- Dra elke dag skoon, netjiese skooldrag.
- Die skool kan besluit om na goeie toestemming te verleen dat leerders by sekere geleenthede siviele-/gewone drag mag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

Die volgende reëls geld:

grounds or the private property of any staff member or learner.

- Learners are encouraged to leave private property at home since the school takes no responsibility for it.

1.22 Matric Privileges

This includes but is not limited to: Matric Farewell; Matric VS Rest Sport; etc.

- This is a privilege, and not a right.
- A learner can lose these privileges as one of the sanctions imposed during a Disciplinary Hearing.

1.23 Orientation

- Gr 8 learners will only be accompanied by the Executive Committee to familiarize them with the school premises and buildings, and then accompanied to the school hall.
- The EC will also be responsible for the organisation and coaching of the Gr 8's for the Gr. 8 Concert.
- No initiation practices are allowed at school; orientation will take place to promote integration at school.

1.24 Media

- Media includes but is not limited to Facebook and/or Twitter and/or WhatsApp and/or newspapers and/or TV and/or Instagram and/or any other social media platform.
- Any learner, member of staff, parent, EC member or LRC member who makes negative statements and/or act in a way that is detrimental to the school and/or member of staff and/or governing body and/or learner and/or anybody associated with Hoërskool Warmbad, and on any of the mentioned media will be charged to appear before the disciplinary committee and is regarded as a very serious matter.
- No placements without the permission of the principal or a delegated person.

1.25 Eating/drinking/chewing gum

- Learners may not eat or drink in the classroom, school hall or library. The chewing of gum during school activities is prohibited.

2 Class rules

- 2.1 The class educator shall formulate class rules at the beginning of each ensuing school year, after having consulted the learners in the class. The rules should be displayed in a legible format in a prominent spot in the classroom.
- 2.2 Learners are expected to fully comply with the class rules as well as any verbal instruction given by the class educator or any staff member that is reasonably essential to give effect to this code of conduct and/or for the sound and professional management of the school.
- 2.3 Any violation of the class rules shall be regarded as a violation of this code of conduct and school rules.

3. Rules with regards to appearance and school uniform

3.1 Appearance

3.1.1 General

- A clean, neat and tidy uniform must be worn every day.
- The school may at its discretion grant permission for learners to wear civil /ordinary attire on certain occasions. Such attire should be neat and tidy.

The following rules apply:

- Stomach may not be visible.

- Geen maag mag uitsteek nie.
- Geen spaghetti bandjies nie.
- Geen noupassende klere nie
- Geen ontblotende klere (geen cleavage) nie.

Erekleure

- Erekleure word volgens die reglement van die skool verwerf.
- Wanneer erekleure aan 'n leerder toegeken word mag hy/sy:
 - 'n erekleure wapen op sy/haar skoolbaadjiesak dra
 - die toepaslike balkie op die skoolbaadjie dra.
 - 'n erekleure das dra (effegroen met skoolwapen).
- Erekleure das en/of baadjie mag onder geen omstandighede aan ander leerders gegee word nie. (Dit is die eksklusiewe eiendom van die erekleure ontvanger)
- Erekleure wapens en balkies is by die verskaffers beskikbaar.
- Van 2023 af sal balkies deur die skool aan leerders oorhandig word.

Dasse

- Slegs leerders wat erekleure verwerf het, mag 'n effegroen skooldas met die skoolwapen dra. Alle ander leerders dra die gestreepte skooldas.
- Eerstespanne dra die voorgeskrewe das.
- UK dra 'n effegroen das met die skoolwapen asook die UK-borduurwerk: UK, jaar en leerder se naam.

Provinsiale/Nasionale kleure

- Op Woensdae mag die leerders wat die huidige jaar provinsiale of nasionale kleure verwerf het, die betrokke baadjie dra saam met skoolklere. Alternatiewelik kan die volle sweetpak aangetrek word.
- Die betrokke leerders wat toestemming het se name sal op 'n lys verskyn.
- Die jaarsiklus word bepaal deur die spesifieke aktiwiteit of sport.

Eerstespanndrag

- Op Woensdae mag die huidige eerstespanspelers eerstespanbaadjies skooltoe dra saam met hul skooluniform.

Matriekdrag

- Die geruite matriekhemp of gewone skoolhemp word gedra.
- 'n Das is verpligtend in die winter.

UK-drag

- Slegs UK-lede dra 'n wit hemp met 'n geborduurde "Bestuur-wapen" op die hemsak.
- UK-spelde word op die hemp, trui, baadjie of das gedra.

Ondersteunersdrag

- Warrie-leerders wat ondersteun tydens wedstryde of buitemuurse aktiwiteite moet hul skooluniform of Warriedrag dra.

Mediese armbandjie of hangertjie

- Indien 'n leerder 'n armbandjie of hangertjie met mediese inligting moet dra, moet die huisdokter dit skriftelik bevestig.

Sportdrag

- Die afrigter sal bepaal watter sportdrag vir wedstryde gedra moet word. Die uniform soos bepaal deur die sportbeleid is by die verskaffers

- No spaghetti straps.
- No tight clothing.
- No cleavage or other revealing clothing.

Colours

- Colours are earned according to the regiment of the school.
- When a learner earns colours, he/she may:
 - wear a colours emblem on his/her blazer pocket.
 - wear the applicable achievement badge on his/her blazer.
 - wear a colours tie (plain green with a school badge).
- Under no circumstances may a learner give his/her colours blazer and/or tie to another learner. (It is the exclusive property of the colours' recipient).
- Colours emblems and achievement badges are available at the supplier.
- From 2023 onwards, scrolls will be presented to learners by the school.

Ties

- Only learners that have earned colours may wear the plain green tie with the school emblem. All other learners must wear the striped tie.
- First sports teams wear the prescribed tie.
- The EC wears the plain green tie with the school emblem as well as the EC embroidery: EC, year and learner name.

Provincial/National Colours

- On Wednesdays, the learners who have acquired provincial or national colours in the current year may wear the relevant jacket together with school clothes. Alternatively, the complete tracksuit may be worn.
- The names of the learners who have permission will appear on a list.
- The annual cycle is determined by the specific activity or sport.

First Team Uniform

- On Wednesdays, the current first team players may wear first team jackets to school with their school uniform.

Matric Uniform

- The check matric shirt or normal school shirt is worn.
- A tie is compulsory in winter.

EC uniform

- Only EC members wear a white shirt with an embroidered "Bestuur-wapen" on the shirt pocket.
- EC pins are worn on the shirt, sweater, jacket or tie.

Supporters Uniform

- Warrie learners who support during matches or extracurricular activities must wear their school uniform or "Warriedrag".

Medical bracelet or necklace

- If a learner must wear a bracelet or necklace with medical information, a medical doctor must confirm this in writing.

Sport Uniform

- The coach will determine which sport uniform is to be worn for matches. The uniform as determined by the

beskikbaar. Slegs spanlede moet die sportdrag aanskaf.

- Slegs 'n skoolsweetpak mag by sportdrag en/of atletiekdrag gedra word.
- Seuns en dogters moet 'n groen ski broek onder hul atletiek broek dra.
- Seuns en dogters moet te alle tye 'n groen atletiek broek oor hul ski broek dra – ski broeke mag nie alleen gedra word nie.

Aansteekspelde op baadjies

- Slegs die volgende aansteekspelde mag op die skoolbaadjie gedra word:
 - Top 10-balkies
 - Matriekbalkies (slegs matrieks mag dra)
 - UK, Expo of Trittech
 - VLR-knopie (“badge”)
 - Geen nie-skoolverwante spelde mag op skooldrag gedra word nie.

Serpe, mussies, hoede en pette

- Slegs die groen Warriesserp, -handskoene en “buff” mag tydens die winter voor skool gedra word - nie in die klasse nie.
- By sportbyeenkomste soos die Interhoër, mag 'n eenvormige, voorafbepaalde hoed/pet gedra word.

Probleme met skooldrag

- Indien 'n leerder nie in die regte skooluniform geklee is nie, moet die ouers 'n brief waarin die nodige redes aangevoer word, aan die skool stuur. Die graadvoog moet hierdie brief opvolg en onderteken.

Juwele

- Geen armbande, hangertjies, kettinkies, ringe, krale of enige ander juwele mag gedra word nie.
- Slegs standaard polshorlosies, sonder oordrewe ontwerpe en/of ornamente (“charms”) word toegelaat. Geen slim-horlosies (“Smart Watches”) mag gedra word tydens assesserings nie.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbrou juwele, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie (deursnee nie meer as 4mm) of standaard goue of silwer ringetjie (maksimum deursnee 12mm, dikte 1mm) per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
- Geen oorbel met steentjies van enige aard word toegelaat nie.
- Die dra van oorbelle is verbode vir seuns.

Naels

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak of “tips” mag gedra word nie.
- Naels moet kortgeknipt en skoon wees. Geen pinkie- of ander nael mag langer gedra word nie.
- Onmiddellike aksie sal geneem word indien 'n leerder oortree.

Grimering

- Geen leerder word toegelaat om enige grimering te dra terwyl hulle in hul skooldrag en/of sportdrag geklee is nie.

Hare: Dogters

- Hare moet skoon en goed versorg wees; kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Geen kleur word toegelaat nie.

sport policy is available at the suppliers. Only team members have to purchase the sports uniform.

- Only a school tracksuit (pants) may be worn with the sports uniform for matches or athletics.
- Boys and girls must wear a green ski pants under their athletic pants.
- Boys and girls must wear a green athletic short over their ski pants at all times - ski pants may not be worn alone.

Pins on blazers

- Only the following pins may be worn on the school blazer
 - Top 10 pins
 - Gr 12 pins (may be worn by matrics only)
 - EC, Expo or Trittech
 - LRC badge
 - No non-school related pins may be worn on school uniform.

Scarves, beanies, hats and caps

- Only the green Warrie scarf, gloves and “buff” may be worn before school during the winter - not in the classes.
- At sport events such as the Interhigh, a uniformed, predetermined hat/cap may be worn.

Problems regarding school uniform

- If a learner is not dressed in the correct school uniform, the parents must send a letter stating the necessary reasons to the school. The grade head must follow up and sign this letter.

Jewellery

- No bracelets, pendants, chains, rings, beads or any other jewellery may be worn.
